

Bespreek die idiomatiese uitdrukkings met die leerders en moedig hulle aan om dit in hul alledaagse gesprekke en skryfwerk te gebruik. Laat hulle probeer om aan ander idioome en spreekwoorde oor voete of pote te dink wat hulle dalk al gehoor of gelees het. Vir die pret kan hulle ook hul eie opmaak.

B LEES EN KYK

Aktiwiteit 2: Lees en kyk: 'n Instruksieteks en 'n gedig

Riglyne vir onderrig

Pre-lees

1. Leerders se eie menings, verkieslik met motivering.
2. Honde. Hulle kan saam met jou hardloop.
3. Daar word steeds geredeneer oor die onderwerp of honde toegelaat moet word om saam met hul eienaars aan padwedlope deel te neem. Baie hardlopers voel dat 'n hond moontlik 'n gevaar op die pad kan wees omdat hulle oor 'n hond kan val, of 'n hond jou dalk kan byt. Daar is sekerlik 5 km- of 10 km-pretlope (wat hond-vriendelik sal wees) waar mense hulle honde sal mag saamneem, maar nie in 'n amptelike wedloop nie.
4. Sonsteek is eintlik hitte-uitputting wat erger geword het. Hitte-uitputting se simptome (hoofpyn, naarheid, vel wat bleek en klam is a.g.v. baie sweet, veltemperatuur sal koelerig wees, skielike flougevoel) sal oorgaan na sonsteeksimptome, in erge gevalle duiseligheid (selfs bewusteloosheid). Die persoon se vel sal baie warm, rooi en droog wees, die pols sal baie vinnig wees en as die temperatuur gemeet word, sal dit bo 40° C wees.
5. Instruksie: spesifieke riglyne wat gegee word om iets te doen, bv. iets te maak/te bou of om by 'n plek uit te kom (rigtingaanwysings). Om iets te verduidelik, is om oor 'n spesifieke onderwerp uit te brei.
6. Eienaars van troeteldiere het 'n verantwoordelikheid om hul diere fiks en gesond te hou.

Aktiwiteit 3: Werk met woorde

Riglyne vir onderrig

Dit is 'n woordeskat-aktiwiteit wat die leerders se woordkennis op praktiese wyse uitbrei. Gaan die woorde en betekenis na afloop van die aktiwiteit saam met die klas deur. Laat hulle van hul sinne lees. Moedig hulle aan om die woorde in hul skryfwerk of wanneer hulle praat, te gebruik – ook wanneer hulle vir mondelinge take voorberei.

Antwoorde

vlugvoetig – om rats op jou voete te wees/nie lomp nie
 op vrye voet – om vry te wees (gewoonlik gesê van misdadigers wat ontsnap het)
 voetnote – verklarings wat onderaan 'n bladsy gegee word
 voetbad – klein badjie waarin voete gewas word
 voetboei – ysterboei aan kettings wat aan gevangene se voete vasgemaak word
 voetenent – die onderste deel van 'n bed waar jou voete lê
 voetbrug – 'n nou brug vir voetgangers oor 'n besige pad
 voetganger – 'n persoonsnaam vir iemand wat oor 'n pad stap/iemand wat stap
 voetkonstabel – konstabel wat sy diens te voet doen
 voetmat – 'n mat waaraan jy jou voete afvee (gewoonlik by 'n voordeur)
 voetpad – klein paadjie (gewoonlik grondpad) wat deur diere of mense uitgetrap is
 voetpomp – 'n lugpomp (bv. van 'n orrel) wat jy met jou voet moet trap
 voetseer – wanneer jou voete seer is omdat jy baie gestaan of geloop het
 voetslaan – om te loop (werkwoord) – vandaar die woord voetslaanpad
 voetspoor – die spoor wat mense se voete op 'n pad/sang/grond gelos het
 voetstoots – net soos dit is, sonder enige veranderinge (koop 'n tweedehandse motor net soos hy is)